**Ons lewe in ‘n wêreld waar ons status, rykdom en selfverbetering najaag.**

**Dié dinge is nie noodwendig verkeerd nie, dit word wel ‘n groot problem as dié dinge vir my ‘n afgod word.**





# YOU SHALL HAVE NO OTHER GODS BEFORE ME



FALSE GODS

















**Ons is geskape om te aanbid. Ons is deur die Here geskape om Hom te aanbid, maar dit gebeur baie vining dat ons aanbidding op ander plekke is, en nie by die Here nie.**

**Dit gebeur wel dat ons ander goed aanbid…**

**Dat ander dinge vir ons belangriker word as God…**


ME
OTHERS

**Sonder dat ons dit agter kom, word ”ons” belangriker as God.**

**My hele lewe gaan oor my.**

**Ek bepaal my eie vreugde.**

**Ek wil alles in my vermoë doen om die beste weergawe van myself te wees.**

**Ek wil hoë aansien by ander hê…**

**Ek aanbid later myself…**

# Jeremia 2:4-13

4Hoor die woord van die Here, mense van Jakob, al julle
stamme van Israel! 5So sê die Here: Waarin het Ek gefaal dat
julle voorvaders van My af weggedraai het, dat hulle nikswerd
afgode gedien het en so self niks geword het? 6Hulle het nie
gevra: "Waar is die Here wat ons uit Egipteland laat optrek het?"
nie. Hy het ons deur die woestyn gelei, deur 'n droë wêreld vol
slote, deur 'n dor land vol doodsgevaar, deur 'n land waardeur
niemand trek en waarin geen mens woon nie. 7Ek het julle in 'n
vrugbare land gebring om die vrugte daarvan en die goeie dinge
daarin te geniet, maar toe julle in my land gekom het, het julle
dit verontreinig; die land wat my eiendom is, is deur julle
besoedel. 8Die priesters het nie gevra: "Waar is die Here?" nie,
dié wat my wil moes bekend maak, het My nie erken nie.

Die regeerders het hulle teen My verset, die profete het in die
naam van Baäl opgetree en gode gedien wat nie kan help nie.
9Daarom kla Ek jou weer aan, sê die Here, en ook jou
nakomelinge kla Ek aan. 10Gaan na die Kittiëreilande toe en kyk
'n bietjie, stuur boodskappers na Kedar toe en dink goed na: Het
daar al ooit so iets gebeur, 11dat 'n nasie sy gode verruil het,
selfs al was hulle geen gode nie? Maar my volk het My, hulle
magtige God, verruil vir gode wat nie kan help nie. 12Selfs die
hemel moet daaroor skrik en beef en sidder! sê die Here. 13My
volk het twee sondes begaan: Hulle het My, die bron van
lewende water, verlaat, en hulle het vir hulle waterbakke uit klip
gekap, waterbakke wat gebars is en nie water hou nie.

**Wat lees jy in Jeremia 2:4-13 raak?**

**Wat staan vir jou uit?**

**Bespreek die volgende verse… vers 10&11**

10Gaan na die Kittiëreilande toe en kyk 'n bietjie, stuur
boodskappers na Kedar toe en dink goed na: Het daar al
ooit so iets gebeur, 11dat 'n nasie sy gode verruil het,
selfs al was hulle geen gode nie? Maar my volk het My,
hulle magtige God, verruil vir gode wat nie kan help nie.

**Lees Psalm 112 saam deur, en bespreek die teksgedeelte.**

**Wat staan vir jou uit in Psalm 112?**

**Hoe verskil die persone van Jeremia 2 en Psalm 112 van mekaar?**

# Psalm 112

1Prys die Here! Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien, wat
al sy vreugde vind in die gebooie van die Here. 2Sy nageslag is 'n
sterk krag in die land, die geslag van die opregte word geseën:
3daar is oorvloed en rykdom in sy huis. Wat hy doen, is reg en
blywend: 4hy laat sy lig in die donker uitstraal vir die opregtes,
hy is genadig, barmhartig en regverdig. 5Dit is 'n goeie mens wat
hom ontferm en wat uitleen en in al sy sake reg optree. 6Die
regverdige sal nooit wankel nie, hy sal altyd onthou word. 7Vir
slegte tyding is hy nie bevrees nie, hy is gerus, hy vertrou op die
Here. 8Hy voel hom veilig, hy is nie bevrees nie: hy sal die
neerlaag van sy vyande aanskou. 9Hy gee mildelik vir die
armes. Wat hy doen, is reg en blywend. Hy geniet hoë aansien.
10Die goddelose sien dit en raak ontsteld, hy kners op sy tande
van magteloosheid. Van die begeertes van die goddelose kom
daar niks.


IN GOD WE TRUST

**Daar is twee kante van dieselfde muntstuk...**

**Aan die een kant is jy jou eie god... Alles gaan oor jou. Jy doen alles sodat jy raakgesien word, sodat jy gemaklik kan lewe. Jou lewe draai om jou en wat jy wil hê en wat ander van jou sê, en dit word alles bepaal deur wat ander mense doen, en jy vergelyk met daardie mense.**

**Wie jy dien is nie die Here nie... Wie jy dien is jouself, jou status, jou geld...**

**Die ander kant is die Here jou God... Alles in jou lewe gaan oor Hom.. Hy is die middelpunt. Hy is die fondasie. Hy is die begin en die einde van jou elke dag. Jou keuses word deur gebed bevestig. Jou lewe word deur die Woord bepaal. Wat ander van jou dink is nie belangrik nie... Wat Jesus van jou dink is belangrik. Jy jaag nie status nie, want jou status is "gered en lief gehê". Jou vreugde en vrede hang nie van omstandighede af nie... In die moeilike tye is God goed.**

**Wie jy dien is die Here. Die Almagtige... Jy is gehoorsaam aan Sy wil, en jy vertrou op Hom...**

# PRAKTIES...

**Ons is kinders van die Here. Ons wil graag ons lewens vir Hom leef.**

**Dalk voel jy vanoggend dat jy baie makliker op jouself kan fokus as om op die Here te fokus.**

**Dalk voel jy dit is baie makliker om te leef en te doen soos jy goed dink, en die wil van die Here is nie jou eerste gedagte nie...**

**Dalk is jy op 'n punt van jou lewe waar jy nie meer vir jouself wil lewe nie, maar vir die Here wil lewe. Waar jy vreugde en vrede beleef, temidde jou omstandighede, omdat jy weet jou Koning is by jou en Hy is lief vir jou en jy is Syne...**

**Hoe kan ek elke dag so leef soos die Here wil hê ek moet leef?**

**Hoe lyk dit prakties?**

# Hebreërs 13:1-8&15-16

1As broers moet julle mekaar altyd liefhê. 2Moenie nalaat om
gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige
mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste
gehuisves. 3Dink aan die gevangenes asof julle self ook
gevangenes is, en aan dié wat mishandel word, asof julle self
ook mishandel word.

4Die huwelik moet deur almal eerbaar gehou word. Wees in die
huwelikslewe getrou aan mekaar, want ontugtiges en
egbrekers sal onder die oordeel van God kom.

5Hou julle lewe vry van geldgierigheid; wees tevrede met wat
julle het. God self het gesê: “Ek sal jou nooit verlaat nie, jou
nooit in die steek laat nie.”

6Daarom kan ons met vertroue sê:

“Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie: wat kan 'n mens
aan my doen?”

7Dink aan julle voorgangers wat die woord van God aan julle
verkondig het. Let op hulle lewenswandel tot die einde toe, en
volg die voorbeeld van geloof wat hulle gestel het.

8Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.

15Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van
lof bring, dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy
Naam bely. 16Moenie nalaat om goed te doen en
mededeelsaam te wees nie, want dít is die offers wat vir God
aanneemlik is.

Die wêreld gee vir ons "selfhelp" tiepe lysies hoe om meer te bereik, meer suksesvol te wees, meer "vrede" te hê.

Die probleem met dit is, ons word ons eie god en wat my wil is is vir my belangriker as wat die Here se wil is...

Wat ons nie wil hê nie, is dat ons onsself ophef en vir Jesus minag...

Wat Jesus vir ons gee is 'n praktiese lys van hoe ons minder kan word, en Hy meer kan word...




fresh
NES JY IS, WAAR JY IS